Oude Westhof
Retirement Village • Aftree-oord

VERSLAG VAN DIE TRUSTEES VAN DIE SAKE VAN DIE BESTUURSVERENIGING VIR DIE PERIODE 1 MAART 2020 TOT 28 FEBRUARIE 2021

INLEIDING

Hierdie verslag word ingevolge Klousule 28(5) van die Grondwet aan lede voorgelê vir oorweging.

Die werksaamhede, pligte en bevoegdhede van die Vereniging word behoudens die bepalings van die Deeltitelskemasbestuurswet, 2011 (Wet Nr. 8 van 2011), die Grondwet van die Vereniging en enige beperkinge opgelê of opdragte gegee by 'n Algemene Jaarvergadering, uitgeoefen en uitgevoer deur Trustees wat kragtens die Grondwet aangestel is.

RAAD VAN TRUSTEES

Die volgende persone het gedurende die verslagperiode as Trustees gedien:

NAME	WYSIGINGS
Mnr. HW Hurter	
Dr. AG Dreyer	
Mnr. N Müller	
Me. B Smit	
Mnr. C Heyns	bedank op 28 Augustus 2020
Mnr. A van der Schyf	
Mnr. J Rousseau	
Mnr. B Wehrle	
Mev. E Lombard	bedank op 6 Augustus 2020
Mnr. F Vleggaar	
Mnr. WF van der Merwe	verkies op 28 Augustus 2020
Me. M Rademeyer	verkies op 28 Augustus 2020

SUBKOMITEES

Die Grondwet magtig die Raad van Trustees om ingevolge Klousule 17(2)(c) van die Grondwet subkomitees te vorm vir die oorweging van spesifieke aangeleenthede met die voorbehoud dat sodanige subkomitees nie die bevoegdheid sal hê om die Vereniging in reg te bind nie, of om besluite te neem nie, maar in elke geval moet aanbevelings verwys word na die Raad van Trustees, by elke daaropvolgende Raadsvergadering.

Die Raad funksioneer tans met vyf (5) Subkomitees, te wete:

- Finansiële Komitee onder voorsitterskap van Mnr. Frits Vleggaar
- Eiendoms-, Onderhouds- en Tuinekomitee onder voorsitterskap van Mnr. Jannie Rousseau
- Sekuriteitskomitee onder voorsitterskap van Mnr. Jannie Rousseau
- Spysenieringskomitee onder voorsitterskap van Me. Brenda Smit
- Sosiale Komitee wat as gevolg van Covid-19 pandemie onaktief was.

Die subkomitees is saamgestel uit lede van die Raad van Trustees, wat aangevul word deur inwoners wat bereid is om diens aan die Oord te lewer.

Die lede wat gedurende die verslagperiode op die subkomitees gedien het, is soos volg:

*Hennie Hurter *ex officio* op alle subkomitees

1. **EIENDOM, INSTANDHOUDING EN TUINE**

Jannie Rousseau: Voorsitter
Chris Heyns: Voorsitter tot 28 Augustus 2020, waarna Jannie Rousseau oorgeneem het
André Dreyer
Jan van Aswegen oorlede 25/01/2021*
Arrie van der Schyf
Ina Hurter
Gerda van der Merwe
Elza Beekman
Jan van Wyk
Maretha Rademeyer

2. **FINANSIES**

Arrie van der Schyf: Voorsitter
Ferdie van der Merwe
Nick Müller
Chris Heyns – bedank 28 Augustus 2020
André Dreyer
Bruno Wehrle
Frits Vleggaar

3. **SEKURITEIT**

Jannie Rousseau: Voorsitter
Jan van Aswegen*
Coenie le Grange

4. SOSIAAL

Daphne Bullough
Marita de Wet
Alida Pretorius
Frances Loubser
Hanna van Vuuren
Louisa Badenhorst
Dina Vleggaar
Doreen Mostert

5. SPYSENIERING

Brenda Smit: Voorsitter
Ina Prevedello (Verpleegbestuurder)
Maretha Rademeyer
Chris Heyns – bedank op 28 Augustus 2020
Gerhard van der Merwe (Bestuurder)
Maretha Rademeyer
Loretta Brink – WPC
Laetitia Adonis - WPC

Aan voormelde subkomiteelede 'n woord van waardering vir die waardevolle insette wat elkeen gelewer het om die bestuur van die Oord te vergemaklik. Dit is reeds 'n instelling dat die subkomitees maandeliks vergader, gewoonlik in die week wat die maandelikse Trusteevergaderings voorafgaan. Die notules van die subkomitees word by die Trusteevergaderings ter tafel gelê en voorstelle of aanbevelings word gedebatteer en besluite geneem.

'n Spesiale woord van dank en waardering word oorgedra aan die volgende persone wat die subkomitees bygestaan het in hul take:

- Loretta Brink, Vanessa Edwards-Stoman en Laetitia Adonis van die diensverskaffer WPC.
- Lauretta Muscha, die spanleier van Imvula Sekuriteit.
- Me. Ena Botha, me. Matty Knoetze, me. Vena Crisswell en me. Anni Tregoning vir dienste in die biblioteek gelewer.

Voormelde vergaderings is onontbeerlik vir die behoorlike bestuur van die Bestuursvereniging.

FINANSIES

Resultate vir die jaar tot 28 Februarie 2021:

Bevredigende resultate word gerapporteer

1. Bedryfsinkomste: Ledeheffings het R7 835 402 bedra, effens beter as begroot. Addisionele Sorginkomste en diverse inkomste het R98 431 beloop.

2. Bedryfsuitgawes: Totaal van R10 401 281, ongeveer 10% onder begroting. Die grootste besparings was munisipale uitgawes (R602 680), versekering (R261 549) en salarisse (R239 159).

3. Bedryfstekort: Die bedryfstekort vir die jaar beloop R2 467 446.

4. Ander inkomste en belasting: Uittreeheffings was R2 441 770, Ander inkomste was R750, Rente ontvang was R284 290 en belasting was R61 731.

5. Netto surplus: Die netto surplus vir die jaar was R207 633.

6. Administratiewe Fonds: Hierdie fonds word saamgestel vanuit alle inkomste en uitgawes en die balans op jaareinde was R3 408 544.

7. Reserwe Fonds: Hierdie fonds kan aangewend word vir buitengewoon groot instandhoudingskoste en kan aangevul word uit die Administratiewe Fonds soos benodig. Die balans bedra R6 472 424 op jaareinde, wat binne voorgeskrewe vlakke val.

8. Aanwending van fondse: Die Administratiewe Fonds surplus plus die Reserwefonds word op jaareinde aangewend vir die Sorgsentrumlening van R5 286 213 en die restant fondse setel in rentedraende deposito's van ongeveer R5 miljoen.

9. Uittreksel uit Gekonsolideerde Resultate (Sien Bylae "A"):

Totale inkomste	R14 743 962
Totale uitgawes	R18 202 330
Netto oorskot	R5 214 877
Totale Bates	R34 946 689
Totale Ekwiteit en Fondse	R29 245 261

EIENDOM, INSTANDHOUDING EN TUINE

Gedurende die verslagperiode het die Covid 19-epidemie die Oord, soos oral in die land, ernstig geraak en kon geen projekte aangepak word nie. Aandag kon alleenlik aan krisissituasies geskenk word. Gelukkig het 'n mate van normaliteit later ingetree en kon die werkers amper normaal funksioneer.

Gedurende die tydperk is Mnr. Allen Birkett as toesighouer oor die nutsspanne en Mnr. Donovan Hewitt as toesighouer oor die tuiniers, onderskeidelik, aangestel. Mnr. Chatburn het Mnr. Hewitt se pligte oorgeneem. Hierdie veranderinge werk uitstekend.

'n Hele aantal gebarste pype, munisipaal sowel as besproeiing, het gedurende die verslagtydperk aandag geverg en is herstel.

Verskeie eenhede is binne geverf vir die rekening van die eienaars.

Daar word stelselmatig voortgegaan met die vervanging van deurgeroeste dakplate op platdakke, met IBR-plate. Dit is gevind dat die ontwikkelaars nie isoleermateriaal in die platdakke aangebring het nie. Dit word nou gedoen, soos dakke vervang word. 'n Dakdeskundige het ons nutsmanne opleiding in die korrekte prosesse om nuwe dakke te installeer en daklekke behoorlik te herstel.

Plaveiselwerk van ongeveer 500 m² is by verskeie eenhede gedurende die verslagtydperk gedoen.

Herstelwerk is aan verskeie pompe wat onklaar geraak het, gedoen of is vervang. Pompe en filters by die tenkaanleg, sowel as by die besproeiingsaanleg, word gereeld skoongemaak.

Insakking het by huis 31 plaasgevind, wat ten volle deur 'n kundige kontrakteur herstel is.

Hekke vir die droogareas by heelwat eenhede is vervang. Aangesien die groottes van die hekke nie almal dieselfde is nie, moet elke hek afsonderlik gemaak word. Die nutsmanne doen dit. Die merantihout wat in die verlede gebruik is om die hekke te vervang, is van 'n swak gehalte en vrot ook na 'n paar seisoene. Buitendien is dit baie duur en skaars. Daar is besluit om in die toekoms behandelde dakhout vir dié doel te gebruik teen 'n besparing van ongeveer R1 344 per hek.

Gedurende die verslagperiode is aandag aan die volgende gegee:

Op versoek van heelwat eienaars is hul tuine vereenvoudig.

Die tuine by die ingang na en die uitgang van die Oord is herontwikkel en verfraai met struike en plante.

Tuine by die woonstelle is ook verbeter.

Onkruid op grasperke is bespuit en kunsmis is toegedien.

Steiltes in die Oord wat 'n gevaar vir die inwoners en werkers inhou, ontvang deurgaans aandag en word met klimop beplant.

Keerwalle/loffels word netjies gehou en, waar moontlik, skoongemaak.

Besproeiingstelsels en watertuine word gereeld versien.

Goeie kwaliteit sakke kompos word namens die inwoners vir gebruik in hul tuine aangekoop.

Die dam in die natuurreservaat is bespuit om algevorming te voorkom.

SEKURITEIT

Geen ernstige sekuriteitsinsidente is tydens die periode van hierdie verslag in die Oord ondervind nie. Die sekuriteitspersoneel is professioneel in hul optrede, is vriendelik en voer hulle pligte bekwaam uit. Covid-19 regulasies het hulle heelwat meer onder druk geplaas, aangesien alle besoekers aan die Oord, inwoners ingesluit, noukeurig gemonitor moes word. Hulle het hierdie ekstra pligte op 'n vriendelike wyse uitgevoer, al was dit soms moeilik.

Die samewerking met die sekuriteitsdiens ADT, wat die Van Riebeeckshofarea bedien, is op 'n gesonde grondslag.

Daar is gedurende die verslagtydperk begin om kwotasies in te win om ons sekuriteitstelsel te moderniseer. Nog geen besluite is geneem nie en daar sal in die volgende finansiële jaar verder daaroor besin word.

Die sekuriteitsinfrastruktuur word gereeld nagegaan en getoets. Enige probleme wat ontstaan, word onmiddellik reggestel. Sekuriteit van die Oord is van uiterste belang en mag nooit afgeskeep word nie.

Die werking van die paniekknoppies word gereeld getoets. Dit is verblydend dat al hoe meer van die inwoners nou self die knoppies toets. Daar is egter vele enkel-inwoners wat nie gereeld hul knoppies by hul dra nie en enkele insidente veroorsaak het.

Alhoewel die Oord insidentvry was, beteken dit nie dat insidente nie wel kan plaasvind nie en inwoners word versoek om te alle tye veiligheidsbewus te wees.

SPYSENIERING

Gedurende die verslagperiode kon etes noodgedwonge nie in die eetsaal bedien word nie. Gedurende Oktober, na deeglike Covid 19-protokol beplanning, is die eetsaal vir 'n beperkte aantal inwoners oopgestel. Daar is wel voortgegaan om daagliks etes af te lewer.

Die gebruiklike Kers- en Valentynsetes is wel aangebied, maar in 'n ander formaat. Groot moeite is gedoen om die etes in aantreklik versierde houers te verpak en dit is tuis afgelewer.

Die Komitee het maandeliks vergader en kommunikasie tussen die kombuis en Sorgsentrum verloop goed, veral wat betref die spyskaart vir pasiënte met spesiale voedingsbehoeftes.

Dit was 'n moeilike jaar vir die kombuis- en eetkamerpersoneel en hulle verdien groot lof vir hulle toewyding en harde werk onder baie moeilike omstandighede. Ons dank hulle vir hulle onbaatsugtige diens.

SOSIAAL

Die verslagperiode was uitsonderlik in dié sin dat Covid-19 wêreldwyd getref het en alles wat normaal was, omgekeer het. Werkverliese, sterftes, self-isolasie en eensaamheid het die nuwe normaal geword, ook in Suid-Afrika. In die Oord lyk die prentjie ook nie anders as in die res van die land nie. Inwoners wat alleen woon, was meer bewus van die vreemde en eensame leefwyse. Almal besef egter dat om 'n veilige afstand te handhaaf en versigtig te wees met sosialisering, kan Covid-19 voorkom word.

Gelukkig is ons geseën met werknemers wat hulle alles gee om inwoners veilig te hou; deur die protokol wat daar gestel is, te gehoorsaam, inwoners van die administratiewe gebou weg te hou, deur bystand te gee met die skoonmaak van eenhede, die aflewering van etes by wonings en hulp op soveel ander maniere.

'n Gevolg van die voorgaande is dat alle sosiale geleenthede sedert April 2020 tot 'n stilstand gekom het. Dit word vertrou dat die omstandighede in die volgende verslagperiode meer normaal sal wees.

Inwoners het weereens mildelik tot die Kersbonusse van die werknemers bygedra. 'n Bedrag van R54 396.00 is deur die Komitee ingevorder. Hierdie fondse is tydens 'n oggendgeleentheid, waar elke werknemer met 'n koeldrank en kolwyntjie bederf is, oorhandig.

WYSIGINGS AAN DIE GRONDWET

Aangesien groot byeenkomste verbied is, was dit nie moontlik om met die voorgestelde vergadering vir die wysigings van die Grondwet en Gedragsreëls voort te gaan nie. Dit word egter vertrou dat die aangeleentheid in Julie 2021 gefinaliseer kan word.

Kommunikasie met lede

Kommunikasie met lede vind op deurlopende basis plaas by wyse van inligtingsvergaderings, rondskrywes, maandelikse Gazette en groep-sms-boodskappe.

Personeel

Gedurende die verslagperiode het die Bestuurder en personeel weereens 'n waardevolle diens aan die inwoners gelewer. Die Raad van Trustees wil graag langs hierdie weg sy dank en waardering aan die personeel oordra vir die nougesetheid en gewilligheid waarmee die dienste gelewer is.

HW HURTER
VOORSITTER:OWOBV

WF VAN DER MERWE
ONDER-VOORSITTER: OWOBV